Min benut dié belastingvoordeel vir aftree-spaargeld

Maarten Mittner, Johannesburg

Uittree-annuïteite kry min aftrek by verbruikers ondanks die belastingvoordele wat die instrument bied. Ou Mutual se jongste Aftreemonitor wys net 10% van alle lede van pensioenfondse het 'n uittree-annuïteit as 'n bykomende belegging.

Dit is deels verstaanbaar omdat 60% van die lede van pensioenfondse die fonds self as die vernaamste instrument vir aftrede gebruik.

Maar wanneer dit kom by mense wat nie lid is van 'n pensioenfonds nie, gewoonlik ondernemers of sake-eienaars waarvoor 'n uittree-annuïteit besondere voordele kan inhou, maak net 15% hiervan gebruik.

Die vernaamste bron van aftree-inkomste word as kontant aangegee. Dié monitor se bevindinge is gegrond op onderhoude met 1 051 werkende en afgetrede Suid-Afrikaners.

Hieruit blyk werkers benut ook nie 'n uittree-annuïteit om hul pensioenfondsvoordele te beskerm wanneer hulle van werk verander nie.

Altesame 52% van die respondente het aangedui hulle het hul pensioenvoordele in kontant uitgekeer. Altesame 25% sê die geld is oorgedra na die nuwe werkgewer se fonds terwyl 19% dit in die ou fonds kon hou.

'n Skamele 3% het aangedui hulle het hul aftreevoordele gebruik om 'n uittree-annuïteit te koop.

Die monitor toon ook die gebrekkige aftreevoorsiening van die gemiddelde Suid-Afrikaner.

Altesame 77% van afgetrede pensioenfondslede is bekommerd oor of hulle voldoende voorsiening vir aftrede gemaak het en 58% beplan om steeds ná aftrede te werk.

Altesame 26% het aangedui hulle kinders sal vir hulle moet sorg by aftrede.

Altesame 53% van die respondente het aangedui hulle het ná aftrede 'n daling in hul lewenspeil ondervind. Met tyd het die syfer tot 75% aangegroei. Net 17% meen hul pensioen hou tred met inflasie en 23% ontvang bykomende hulp van kinders of ander familielede.

Gebrekkige kennis oor hul aftreefonds blyk duidelik – 55% het aangedui hulle het geen benul wie die beleggings in hul fonds doen nie. Altesame 58% het aangedui hulle weet nie in watter bates die fonds hul geld belê nie.